



## Bestuur bespreek fokus-areas

“Verlede maand het die streekbestuur vergader en spesifieke fokus-areas in diepte bespreek. Dit sluit in sake soos die krimpende getal lede wat kampe by-woon; die behoefte om ook jonger lede te werf; die betrokkenheid van naschoolse jongmense; die streek en selfs Sawa se fokus op die geldelike in plaas daarvan om op lekker kamp te konsentreer; en die gebrek aan bereidwilligheid om by die bestuur en as kampkommandante betrokke te raak.”

Aan die woord is Hennie Ferreira, voorsitter van streek Kiepersol. Hy het vervolg:

“Ons sal so gou as

moontlik terugvoering gee oor ons aksieplanne vir die jaar. Help ons om nuwe lede te werf en veral jonger lede. Begin deur hulle saam te nooi al het hulle net ’n tent.

Ons ondersoek ook die moontlikheid om ’n kamp vir naskoolse jongmense aan te bied sodat ons ook hierdie belangrike groep kan akkommodeer.

“As ons na die toekoms van Kiepersol kyk, sal ons beslis na belangegroepse behoeftes moet omsien. Dit kan beteken dat verskillende kampe (byvoorbeeld al om die beurt) wat aan die behoeftes van spesifieke groepe voldoen, gereël sal word. Die feit is dat



Hennie Ferreira, Kiepersol se voorsitter

mense met kinders na oorde soos Weesgerus, Buffelspoort en so meer wil gaan om die naweek te geniet.

“Lees gerus die artikels en menings wat deur die redakteur in *Kampkrummels* uitgespreek word. Hou egter in gedagte dat dit nie noodwendig die mening van die streekbestuur of Sawa is nie.

“Sawa is ’n vrywillige organisasie en ons moet nooit uit die oog verloor

dat mense in die eerste plek aansluit om lekker te kamp en nie om ander redes nie.

“Dit is egter so dat dit nie altyd vir almal moontlik is om by saamtrekke uit te kom nie. Ons het begrip hiervoor en daar is genoeg voorbeelde om te aanvaar dat wanneer dit weer vir hierdie lede moontlik is om te kamp, hulle met ope arms verwelkom sal word.

“Intussen moedig ons lede en hulle vriende aan om die Paasaweek te reserveer om saam met die breër Sawa-vriendekring ’n heerlike saamtrek by te woon waar volop pret en plesier sal wees. Wees egter verseker dat die Paasgebeure nie afgeskeep sal word nie”, het Hennie ten slotte gesê. (Berig: Johann Lemmer)

## Kampkommandante slag waatlemoene



Wat ’n fees by Nkwe: Martiens (MC) de Swardt, Stef en Marthie Maritz en Marie de Swardt wys hoe waatlemoene geslag moet word

### Lees binne verde-

Oordenking	2
Uit die Sawa-kantoor	2
Redakteur sê	3
Kampnuus	4
Saamtrekdatums	4
Voorsitter sê	5
Sawakalantjies (kleuters)	6
Stoffeltjie skryf	7
Schalk gesels	8
Senior burgers	9
Jongklomp	9
Lekker kamp by Nkwe	10
Verjaarsdae	11
Lief en leed	11
Sawa in breër verband	11
Nkwe-fotoblad	12



## OORDENKING

### Vreugde moet gewys word

Rom. 5:2: *Deur Hom het ons in die geloof ook die vrye toegang verkry tot hierdie genade waarin ons nou vasstaan. En ons verheug ons ook in die hoop om deel te hê aan die heerlikheid van God.*

Het jy al na die borrelende vreugde van klein kindertjies gekyk wat by die skool uitstorm wanneer dit sluit vir die skoolvakansie? In die ou dae het ons gesê dat kinders "hok toe", menende skool toe gestuur is. Vakansie beteken vryheid en dit wys op elkeen se gesig. Ek wonder soms hoeveel van ons vryheid as Christene op elkeen van ons se gesig wys. Die hartseer is dat dit maar min is.

Daar kan 'n paar redes voor wees. In die eerste plek kan kerke en sekere vorme van godsdiens mense weer soos in die tyd van Christus in slawerny dwing met oorbodige moets en moenies.

Ons leef 'n tipe Christenskap wat nie lekker is nie en wat 'n mens inperk. In die tweede plek beur ons terug na 'n ou lewe vol sondige praktyke wat weer donker skadu's oor ons lewe gooi en verseker op die ou end ons lewensvreugde ontnem. Derdens verstaan ons nie die omvang en betekenis van die vryheid behoorlik nie. Dit gebeur veral met mense wat lank Christene is en as't ware gewoon raak aan die vryheid. Dis nie meer snaaks nie en jy vind ook nie meer vreugde daarin nie. Soos met baie dinge in die lewe moet jy dit eers werklik verloor voordat jy dit weer waardeer.

Die Bybel leer ons dat daar vreugde en hoop opgesluit lê in hierdie vryheid. Miskien moet ons vandag begin deur eers ernstig daarvoor na te dink. Wat beteken dit werklik vir my? Ek gaan ewig lewe, nie alleen nie, maar saam met God. Hy sal aanhou om vir my te sorg. Ek kan staatmaak op sy vriendskap. Al dink die wêreld sleg oor my, jubel God oor my en wil Hy my eer. Verdien dit nie 'n vreugdevolle glimlag op jou gesig nie?

*Here, mag my lewe en my gesig vandag aan die wêreld vertel dat ek vrygemaak is in Jesus Christus. Amen.*

**Uit: Lewe met Perspektief - Braam Hanekom - uitgegee deur CUM**

### Sawa in breër verband

#### Uit die kantoor

Die nasionale voorsitter, Jurie Dreyer, skryf soos volg:

#### Sawa-webwerf



Jurie Dreyer



Diana Fourie

SAWA se webwerf ([www.sawa.org.za](http://www.sawa.org.za)) is iets waarop elke lid trots kan wees. Die trefslae verhoog nog steeds en streke neem aktief deel.

Die webwerf gaan gedurende hierdie jaar vernuwe word om dit nog meer gebruikersvriendelik te maak. Die webredakteur, Diana Fourie, het reeds baie werk in gesit en is besig om die grondwerk reg te kry vir die verandering.

Lede se insette is belangrik en ek versoek dat foto's en berigte gereeld gestuur word na:  
[sawa.saca@gmail.com](mailto:sawa.saca@gmail.com)

#### Feesjaartafeldoeke

Daar is nog tafeldoeke beskikbaar wat spesiaal vir die veertigste bestaansjaar van Sawa laat maak is. Dit het die embleme van al die streke op. Dis baie mooi en is 'n versamelaarsitem. Tafeldoeke kos R150 elk. Bestel dit en ander voorraad, by die Sawa-kantoor (011 918 0699).



### Streekbestuur 2010-2011

**Voorsitter:** Hennie Ferreira (083 226 176) [hennief@agency.co.za](mailto:hennief@agency.co.za)

**Ondervoorsitter:** Louis van den Berg (083 277 7307) [vdbl@vodamail.co.za](mailto:vdbl@vodamail.co.za)

**Sekretaris:** Magriet Baker (083 409 3719) [margaretb@johburg.org.za](mailto:margaretb@johburg.org.za)

**Penningmeester:** Rigard Lemmer (082 786 9928) [rigard.lemmer@treasury.gov.za](mailto:rigard.lemmer@treasury.gov.za)

**Redakteur:** Johann Lemmer (012 653 2745) [lemmerj@mweb.co.za](mailto:lemmerj@mweb.co.za)

**Senior burgers:** Frank Smith (012 654 3135) [frank.hettie@vodamail.co.za](mailto:frank.hettie@vodamail.co.za)

**Addisionele lede:** Jerome Henning (012 654 6127) [ja.henning@telkomsa.net](mailto:ja.henning@telkomsa.net)  
en Sonja de Jongh (082 414 4475) [sonjadj@tshwane.gov.za](mailto:sonjadj@tshwane.gov.za)

**Bankbesonderhede: Sawa Kiepersol, ABSA Centurion 600 810 499**

Die Redakteur sê:

## Alle lede behoort ewe veel tot Sawa se verpligtinge by te dra

Wanneer dit by fondsinsamelings of ander aktiwiteite kom is dit met enkele uitsonderings net die aktiewe lede wat daarby betrokke is.

Hieronder tel fondsinsamelings soos by die Presidente, feeste, verkope by streke en gebiede, kaartjie- en lootjieverkope, gholfdae en ander funksies. Sommige streke hef 'n bedrag om die streek te bedryf, ander vra weer intekengeld op nuusbriewe ens. Die feit van die saak is dat dit die minderheid lede is wat hierdie bydraes moet maak.

Wat is die posisie van die lede wat nie so gereeld by kampe kan uitkom nie en derhalwe ook nie altyd 'n bydrae tot die fondsinsamelings maak nie? Het hierdie onaktiewe lede nog iewers in die breë Sawa-organisasie 'n plek? Ek glo dat hulle wel 'n rol het om te speel want, afgesien van ander oorwegings, sal Sawa moeilik finansiëel kan oorleef sonder hulle ledegedelbydraes.

Die Jakaranda-gebiedsbestuur het ook al by geleentheid die saak van ledegedel en fondsinsamelings bespreek en tot die volgende gevolgtrekkings gekom:

- Dat al Sawa se lede (insluitende onaktiewe lede) as 'n bate beskou moet word.
- Dat al Sawa se lede hulle deel moet bydra om die assosiasie se finansiële verpligtinge na te kom en dat dit nie net aan die aktiewe lede oorgelaat moet word om addisionele fondse in te samel nie.
- Dat Sawa finansiëel onafhanklik moet wees en nie op fondsinsamelings behoort staat te maak om sy boeke te laat klop nie en dat ledegedel dienooreenkomstig aangepas word.
- Dat die ledegedelbedrag sodanig moet wees dat dit die effektiewe bedryf van ons organisasie sal verseker.
- Dat, om die finansiële impak op lede te versag, dit oor twee of meer jare ingefaseer kan word.
- Dat ondersoek ingestel word na die moontlikheid om ledegedel sesmaandeliks te hef.
- Dat ondersoek ingestel word na die moontlikheid om 'n gedeelte van die ledegedel jaarliks aan streke te betaal sodat almal *pro rata* (en nie net die aktiewe lede nie) bydra tot die streek se noodsaaklike uitgawes soos vir kommunikasie.

Tot dusver was daar nog nie eintlik vordering wat hierdie saak betref nie. Dit is egter belangrik genoeg om weer op die sakelys geplaas te word.



“Is dit billik dat net 'n

kleiner groepie hierdie las moet dra?”

. . . en lewer kommentaar

## Sawa behoort finansiëel onafhanklik te wees

In die artikel hier langsaan word 'n interessante stelling gemaak wat verdere besinning verg. Dit is naamlik dat Sawa finansiëel onafhanklik moet wees en nie op fondsinsamelings behoort staat te maak om sy boeke te laat klop nie.

Wat is die situasie op die oomblik? Ledegeld word slegs op nasionale vlak aangewend vir verskeie sake wat in algemene belang van die organisasie geag word. Dit is egter nie genoeg om die begroting te laat klop nie en Sawa is derhalwe afhanklik van fondsinsamelings om dit wel reg te kry. Benewens formidabele insette in die vorm van werk en tyd deur vrywilligers, is besture afhanklik van insamelings om basiese bedrywighede aan die gang te hou.

Die vraag word egter toenemend gevra of dit billik is dat net 'n kleiner groepie vrywilligers hierdie las moet dra en of dit nie oor al die lede versprei moet word nie. Dit beteken dat ledegedel tot 'n meer realistiese vlak verhoog sal moet word. Die implikasies van so 'n stap word in die artikel hiernaas uiteengesit.

Die voordele is egter voor die hand liggend. Geleenthede soos groot saamtrekke soos die Presidente kan totaal op ontspanning en sosiale interaksie afgespits word sonder druk en verantwoordelikheid op besture of lede om geld in te samel. Daar kan egter nog om die pannekoek, tee en koek gekuier word maar sonder 'n winsmotief. Dan sal dit ook meer sin maak as kampeerders die produkte voorsien en self weer terugkoop. En hoe salig sal dit wees om nie met kaartjies of lootjies te probeer smous nie.

**ROMANZ: 26 Februarie 2011  
Kaartjies is nog by Hennie  
beskikbaar. Sien almal daar!**

## Lekker Kampnuus



### Sonnige Nkwe

Met ons aankoms Woensdag 26 Januarie by Nkwe reën dit katte en honde en Stef en Martiens is druipnat toe hulle die afdakkies opslaan. Nog woonwaens volg. Die reën hou later op maar ons word beproef met aan-en-af krag.

Donderdagoggend is die reën weg maar ons sukkel weer met krag. Gelukkig word dit opgelos. Die aand neem Frank boekevat waar en daarna braai 'n paar van ons en kuier gesellig saam.

Vrydag is 'n pragtige sonskyndag. Stef en Martiens probeer om vir die woonwaens wat aankom almal naby 'n koelteboom of die ablusieblok staanplek te kry en te help waar nodig. Martiens en Marie glip 'n rukkie weg om na die pragtige waterval te kyk en stap met die pad oor die rivier terug. Die aand word boekevat deur Jerome waargeneem. Saterdagoggend arriveer nog 'n woonwa. In totaal 15 eie woonwaens plus twee besoekers en een Mooifonteiner.

Jukskei-satelliet se mense het ook die naweek by Nkwe gekamp en het saam met ons boekevat en erediens bygevoel.

Saterdag het ons gekuier. Vroegmiddag nooi die kampkommandante almal om saam met hulle te kom waatle-moen eet. Wat 'n gesellige byeenkoms! Later begin dit weer reën terwyl die kampkommandante besig raak met potte pap en sous. Ons was egter verniet bekommerd dat die boekevat (deur Martiens waargeneem), braaiery en Schalk se musiekspel gaan uitreën. Slegs 'n koue wind het gewaai. Ons braai gesellig saam en kry komplimente vir die pap in kleiner potte.

Daarna deel Schalk ons in vier groepe. Ons moes in groepsverband die musiek eien asook die sangers. Sy skoondogter Susan was 'n uitstekende "skeidsregter" en diskwalifiseer ongeoorloofde spel vinnig! Die koue wind en vuil pappotte pla die kampkommandante-groep en ons besluit later om te onttrek om te gaan opruim. Die voorsitter "beoet" elkeen van ons met R5 omdat ons vroeër geloop het! (Wonder wie het onthou om die boete by Rigard te betaal!)

Sondagoggend se erediens is onder die koeltebome deur ds. Ludwig Gebhard van Eldoraïne waargeneem. Daarna is die afsluiting deur die voorsitter hanteer. Toe is heerlike eetgoed, tee en koffie geniet en gesellig saamgekuier. Later het die onvermydelike kamp opslaan begin. Geleidelik het die kamp leër geword. 'n Paar seniors het besluit om tot Maandag te bly en so KELK se tradisie in stand gehou.

Na 'n genotvolle naweek in die natuur het ons ook huiswaarts gekeer.

#### Kampkommandante:

Martiens (MC) en Marie de Swardt;  
Stef en Martie Maritz

## Kampprogram Maroela

Kuier saam met ander streke in die  
Jakaranda-gebied

### Vrydag

18:00 Worsbroodjies @ R15

19:00 Boekevat en registrasie

Tee/koffie

### Saterdag

**Kinderprogram**

**Kuier**

18:00 Boekevat

18:30 Gesamentlike braai  
(Pap en sous word voorsien)

20:00 Musiekpret

### Sondag

09:15 Kategese

10:00 Erediens

10:45 Afsluiting in streekverband (koek en tee)

#### 11 Maart: Emmarentia Geldenhuys

Kuier-naweek. Gasheer: Waterberg: R150 naweek  
(seniors vanaf 8 Maart teen R55 per nag)

#### 21 April: Klipdraai

Presidente-saamtrek. Langnaweek: R490  
Seniors vanaf 17 April, R100 per nag  
Besprekings 011 918 0699

#### 20 Mei: Drie Berge

Kampgeld: R390

#### 13-19 Junie: Swadini

Noordelike Presidente

#### 29 Julie: Manyane: Kuier-naweek.

Gasheer: Bosveld. Seniors vanaf 27 Julie  
R110 per nag + Admingeld

#### 12 Augustus:

**Klein Paradys**

AJV-naweek een week later as in Jaarprogram  
Kampgeld: R360

#### 9 September: Gebiedskamp

Plek nog nie bepaal nie

#### 21 Oktober

Nuwe Shangrila  
Kampgeld R430

#### 25 November

Joos Becker: Kersboomsaamtrek

## Die Voorsitter sê Naskoolse jongmense moet akkommodeer word

### Hennie Ferreira

Ons is reeds in die tweede maand van die jaar en die eerste kamp te Nkwe is agter die rug. Die kamp is werklik goed bygewoon met 17 Kiepersol-lede, twee Sawa-lede en twee nuwe lede, Jake en Ina Erasmus, wat reeds hulle aansoek om lidmaatskap voltooi het. Danksy Schalk Nolte het ons die eerste musiek “noot vir noot” tot die almal se vermaak by die saamtrek gespeel.

Ons volgende kamp (18 tot 20 Februarie) is nie meer by Veekraal nie maar wel by Maroela te Bela Bela. Die naweektarief is R190 en onthou ons is die gashere vir die kuierkamp waarna die ander streke in die Gebied Jakaranda uitgenooi is. Ek, Hannie, Ronelle en Charlie King is die kampkommandante en ons sal hande nodig hê om te help. Die naweekprogram is op bladsy vier van hierdie *e-Kampkrummels*.

Wat Romanz betref loop alles klop-disselboom vir die 26ste Februarie. Baie dankie aan elkeen wat kaartjies verkoop/gekoop het en die gelde reeds inbetaal het. Moet dit nie misloop nie. Daar is nog kaartjies beskikbaar, skakel my net.

In Maart kamp ons saam met Waterberg te Emmarentia Geldenhuys, Bela Bela (11 tot 13 Maart) en die naweektarief is R150. Dit is ook 'n kuernaweek saam met die Gebied. Ons as streekbestuur het aangebied om hamburgers die Vrydagaand te maak so ons sal hulp nodig hê. Laat my asseblief weet as jy gaan kamp en ons sal kan help.

Die Presidente-saamtrek vind, soos gebruiklik, gedurende die Paasnaweek (22 tot 25 April) plaas. Dit kos R490 per woonwa vir die langnaweek (vier nagte). Vanjaar is dit by 'n nuwe kampterrein naamlik Klipdraai (Meyerton). Ek doen 'n vriendelike beroep op elke Kiepersoller om te kom kamp.



Hennie  
Ferreira

Betaling is by die Sawa-kantoor (Juliana) en nie by Rigard nie. Kiepersol is hierdie jaar so besig met die Romanz kaartjie-verkope asook die hamburgers by die kuierkamp te Emmarentia Geldenhuys, dat ons nie 'n stalletjie by die Presidente sal hê nie, maar 'n donasie sal maak. Daar is die Saterdag 'n vol program vir almal om te geniet.

Soos altyd sal daar die naweek weer klem op die Paasgebeure geplaas word. Ek hoop dat ons as Kiepersol soos altyd goed verteenwoordig sal wees.

Let asseblief weer daarop dat ons AJV verskuif is na 12 Augustus 2011 omdat die saal nie die vorige week beskikbaar is nie. Maak seker julle teken dit aan en poog ten alle koste om die belangrike geleentheid by te woon.

Kommunikasie in die streek is vir ons as bestuur belangrik en ons SMS van tyd tot tyd inligting aan ons lede. Maak asseblief seker dat ons jou selfoonnommer het sodat jy die boodskappe kan ontvang. Met geweldige baie insette deur die redakteur het ons nou ook *Kampkrummels* in elektroniese formaat. Stuur vir ons jou e-posadres sodat jy hierdie weergawe kan ontvang. Almal wat nie oor e-posfasiliteite beskik nie asook diegene wat die harde kopie verkies, sal dit steeds deur die pos ontvang. Ek is seker julle sal met my saamstem dat Johann hier groot werk as redakteur vir ons as Kiepersol doen en ons bedank hom daarvoor. Onthou om vir hom bydraes te stuur vir *Kampkrummels*, al is dit net 'n kort

briefie, SMS of 'n telefoniese mededeling. Dankie dat ons nou voorstelle in die voorstelle-bussie kry by elke kamp. Laat ook asseblief weet van lief en leed sodat ons bewus is daarvan.

Verlede maand het die streekbestuur vergader en spesifieke fokusareas in diepte bespreek. Ons sal so gou as moontlik vir julle terugvoer gee oor ons aksieplanne vir die jaar. Help ons om nuwe lede te werf en veral jonger lede. Begin deur hulle saam te nooi al het hulle net 'n tent. Ons ondersoek ook die moontlikheid om 'n kamp vir naskoolse jongmense aan te bied sodat ons ook hierdie belangrike groep kan akkommodeer. As ons na die toekoms van Kiepersol kyk, sal ons beslis na belangegroepe se behoeftes moet omsien. Dit kan beteken dat verskillende kampe (byvoorbeeld al om die beurt) wat aan die behoeftes van spesifieke groepe voldoen, gereël sal word. Die feit is dat mense met kinders na oorde soos Weesgerus, Buffelspoort en so meer wil gaan om die naweek te geniet. Lees ook die redakteur se bydraes in die vorige *Kampkrummels* en lewer gerus kommentaar daarvoor.

Begin nou al dink aan oorde se name vir die volgende jaarprogram en stuur dit asseblief aan my. Neem alle aspekte soos afstand, tolpaai en tariewe in ag. Wat die naweekprogramme betref, sal ek graag insette van julle wil ontvang oor hoe ons dit kan wysig of verbeter indien nodig. Ek stel veral belang in nuwe idees wat ons kan implementeer.

Ek sluit graag af met die volgende aanhaling van Murray Janson:

*“Liefde is nie 'n selfstandige naamwoord nie, maar 'n werkwoord; nie 'n gevoel nie, maar 'n daad; nie 'n toestand nie, maar 'n pad wat geloop moet word.”*

**Tandartse by  
Elwierda Apteek**

**Dr René Pretorius**

**Dr Tania Erikson**

**Telefoon: 012 653 6154**

# Ons Sawa Kalantjies



## Ongeskookte sagte soutklei

### Bestanddele:

- 2 koppies koekmeel of broodmeel
- 1/2 koppie sout
- 1 eetlepel sonneblomolie
- 1/2 koppie water
- koekkleursel

### Metode:

1. Meng die water en sonneblomolie.
  2. Roer die meel en sout in.
  3. Knie tot brooddeeg.
  4. Indien nodig, voeg nog water by.
  5. Voeg die koekkleursel by.
  6. Knie tot die kleur deeglik ingemeng is.
- Bêre in 'n plastieksakkie of plastiekbakkie om die klei sag te hou.

## Watter prentjie pas nie



Saamgestel deur tannie Alet

## Pretoria-Noord Toyota

Die enigste onafhanklike Toyota-handelaar in Pretoria



- Nuwe Toyota passasiersvoertuie
- Nuwe Toyota kommersiële voertuie
- 250 Automark gebruikte voertuie
- Egte Toyota onderdele
- Werkswinkel

Pretoria-Noord Toyota bestaan sedert 1983 en ons leef ons motto - "Ons diens en groei" - ten volle uit.

**ALTYD BESKIKBAAR - 250 AUTOMARK-  
GEBUIKTE VOERTUIE**

Pretoria-Noord Toyota  
Gerrit Maritzstraat 597  
PRETORIA-NOORD  
Tel 012-546-0545



NEEM LEIDING TOYOTA

19979-2705/00/LEEF/08

## BRITS WOONWAENS




### Brits Woonwaens BK

Brits Woonwaens is ongeveer 50km vanaf Pretoria en sowat 100km vanaf die Wes-Rand. Dit is ook die naaste handelaar aan die Jurgens CI Fabrik te Ga Rankuwa. Ons bied die Jurgens, Gypsey, Sprite en Safari reeks aan, asook Jurgens Sleepwaens. Ons produkreeks word met 'n Campworld-winkel aangevul. Produkte soos: Howling Moon, Coleman, Engel, National Luna en talle meer kan hier teen kompeterende pryse gevind word.



Van Deventerstraat 39, Brits  
T. 012 252 5169 F. 012 252 7722  
britswoonwaens@lantic.net www.britscaravans.co.za



### Liewe oom Redakteur

Ek was 'n bietjie siek gewees maar nou is ek weer reg en met my en my familie gaan dit nog goed en ek hoop om dieselfde van oom en oom se tannie Alet te hoor.

Voor Desember se vakansie het my pa gesê dat ons hierdie jaar die Tuinroete gaan doen en ek het my toe klaar gemaak vir 'n lekker vakansie want ek weet waar die Tuinroete is maar toe sal ek uitvind dat hy eintlik anders bedoel het en op die ou end het ek my byna dood gewerk in ons tuin. My pa het gedink hy is baie oulik omdat hy my so lekker uitgevang het maar ek het nie gedink dit is baie snaaks nie en ek dink dis omdat my pa ook al oud is dat sy varkies nie almal in dieselfde hok is nie want my pa is amper so oud soos oom Redakteur en dis al lekker oud.

Met my Cortina gaan dit ook goed dankie oom want ek het in die vakansie dit reggekry om hom 'n paar keer aan die gang te kry en dan het hy lekker mooi gebrul maar ons buurman kan nie 'n goeie enjin waardeer nie en hy het toe ernstig beswaard by my pa geraak en nou moet ek eers uitlaatpype vir die Cortina aansit en waar gaan ek die geld daarvoor kry is wat ek nou wil weet. Ek is nou besig om orals waar ek aan kan dink geld bymekaar te maak vir die pype en onderwyl ek nou so sit en skryf kom die gedagte by my op dat ek nog nie van oom Redakteur 'n present vir Kersfees gekry het nie en ek sal net graag vir oom Redakteur wil bekend maak dat 'n sagte kollekte gewaardeer sal word maar oom moet asseblief net nie te lank draai daarmee nie want dinge word nie goedkoper nie.

My pa was nie weer genooi na die Kongres toe nie want ek dink hy het dalk te veel te sê gehad by die Kongres wie se partytjies ons mense gereël het of dalk het hulle nie weer werkers nodig gehad nie. My pa sê hy hoor die Kongres was ook baie mooi en die partytjies was baie lekker alhoewel dit hierdie keer ander mense was wat alles gereël het maar my pa sê hy het gehoor dat dit vreeslik warm was en hy sê dat hy ook maar bly is dat ons nie daar was nie.

Maar ons was by ons streek se Allemintige Jaarlikse Vergadering en dit was weer gehou by 'n plek wat hulle noem Paradys en dis so mooi daar dat mens moet oppas of jy kan jou dalk verbeel jy is regtig in die Paradys. Ons het baie lekker gekuier en geëet maar dit lyk vir my mens kuier en eet altyd lekker by SAWA want SAWA se tannies weet van lekker kos en ander dinge maak en tot by die vergadering self het ons lekker geëet. By daardie vergadering het oom Hennie Sommemaak weer die Voorman geword wat ek dink baie goed is maar dit spyt my dat ek moet sê dat tannie Wilanda Voordans gesê het tot hier toe en nie verder nie, stop die bus dat ek kan afklim en dankie vir die wals maar ek is nou klaar.

Toe sê die volk Louis Jannie se Seun moet nou die ondervoorman word maar ek weet nie of dit so 'n goeie idee is nie want hy is regtig nie so mooi soos tannie Wilanda Voordans nie en ek dink ook nie hy kan voordans soos sy nie. Wat die volk besiel het sal ek so nooit as te nimmer kan weet nie want ek was beskikbaar vir voordanser maar ek het rondgekyk om iemand se oog te vang maar almal het my soos 'n stopstraat misgekyk.

Ons was ook by die Kersfees Partytjie Kamp van ons streek gewees wat ons by Joos Becker se kamp gehou het en daar was weer 'n baie mooi Kersfeesprogram

*Stoffeltjie skryf nou al elf jaar vir Kampkrummels. Die skrywer verkies om anoniem te bly*

gewees en die aand het ons lekker vleis gebraai en van die lekker pap wat oom Nic Ou Sommemaker gemaak het geëet. Ek hoor toe daar is moerbeie poeding om die proppie mee op te sit en ek gaan staan dadelik in die tou want ek vrek oor moerbeie maar toe ek daar voor kom toe sal ek sien daar is geen stuk moerbeie nie maar almal het sommer blikkies vrugte bymekaar en deurmekaar gegooi seker omdat hulle nie moerbeie kon kry nie. Nou verwonder ek my net dat party mense van moerbeie poeding praat as daar nie 'n enkele moerbeie was nie.

Oom Redakteur ek dink net SAWA moet bietjie mooi kyk water soort mense hy sommer laat aansluit want tannie Anna van Gert het 'n mooi vrugtekoek gebak en toe kom daar 'n nuwe oom Charlie Grootkoning en sê hy sal die koek soos 'n Amerikaner opveel. Dit lyk my die Amerikaners is lekker skelm want toe ek die koek nie vir R15 kan kry nie toe dog ek ek is nou klaar maar hierdie oom Charlie Grootkoning sê toe not 'n dem elkeen moet betaal wat hy geskree het en daar moet ek toe R15 betaal vir 'n koek wat ek niks van gekry het nie! Oom Redakteur ek dink oom Hennie Sommemaak moet bietjie uitvind of hierdie oom Charlie Grootkoning nie Amerikaanse bloed in hom het nie.

Oom Redakteur ek hoop almal het 'n lekker Desember gehad en dat almal uitgerus is om in die nuwe jaar weer lekker te kan kamp.

Gee asseblief groete aan die hele volk.

- Stoffeltjie

# Schalk kyk deur 'n spieël in 'n raaisel

Eendag, lank lank gelede, toe die mans nog vir dames deure oopge- maak het, is daar 'n outjie gebore op Louisvale, net buite Upington, waar 'n vroedvrou hom met 'n pak slae die eerste lewenslig laat aanskou het (wreed nê!). Sy pa het toe geboer op 'n klein plasië Oab, ook net buite Upington, maar aan die anderkant van die Oranjerivier. Hier langs die rivier tussen die ronde klippe was dit so warm dat min mense hulle tussen twaalf en een buite gewaag het, want as die son jou dan alleen sou vang, sou hy jou doodgebrand het! Die koelste plek was onder 'n bed op die kaal vloer! Weens die gebrek aan 'n leefbare inkomste het sy pa by die polisie op Upington aangesluit, en is toe later, voordat die outjie nog sy verstand kon kry, verplaas Lüderitz toe, en so het hy en sy ouer sussie toe saam met hulle ouers langs die Skedelkus beland.

Hier was daar geen windpompe of damme wat water verskaf het nie, en seewater is gedistilleer om in die inwoners se behoeftes te voorsien. In Lüderitz was daar seker nie meer as 'n dosyn bome nie, en geen lowergroen grasperke voor die huise nie. Partykeer het die wind daar so sterk gewaai dat die sand hulle beentjies seergemaak het, en hulle ouers hulle moes dra, want 'n motor was op daardie stadium nog 'n luuksheid wat net party ander mense kon bekostig.

Toe hy die dag drie word, het die kerkklokke so 2000 kilometer van daar af op Carolina, soos die gebruik destyds was, die geboorte aangekondig van die NG-predikant se eerste-ling, 'n dogtertjie! Sy het baie gou verander in 'n regte klein "skuiwergat" en het 'n slag met die melkbottel in die mond in die kerkpaadjie afgekruip, teen die twaalf preekstoeltrappe op, en haar pa doer bo gaan ver- ras. Hy het toe maar die res van die preek voltooi met sy eersteling trots op die een arm. Hulle het gereeld op haar oupa se plaas langs die Limpoporivier gaan kuier, en dan het haar pa sy skoonpa met die beste gehelp. Gedurende een so 'n besoek het sy as

vyfjarige dogtertjie saam met ander familielede haar eerste vis gevang. Sy het egter so groot geskrik vir die gedoente dat sy met die vis aan die punt van die vislyn al in die beeste se stofpaadjie huistoe gehardloop het (omtrent 'n kilometer) sodat haar pa die vis kon afhaal. Node- loos om te sê, al wat toe van die vis oorgebly het, was net 'n modderige bek!

Hy het intussen op Lüderitz begin skoolgaan, later Bethanie en Keetmanshoop, en die einde van stan- derd agt het hulle Bainsvlei toe ver- huis, 'n plotgedeelte net buite Bloemfontein, waar hy gematriku- leer het. Daarna het hy as leerling- tegnikus by die SAUK begin werk omdat daar nie geld was vir univer- siteit nie. Daar in Bainsvlei het hy die mees sorgvrye dae van sy lewe geniet, en hy kan ure lank praat oor al die "sports" wat hy en sy vriende gehad het. So het hulle byvoor- beeld eenkeer sy aanstaande swaer se sestienjarige jarige broer op 'n oop stuk veld tussen die plote in 'n sterk wind aan 'n valskerm vasge- maak om te sien hoe hoog hy sou vlieg. Tot hulle ontsteltenis het hy egter so vinnig begin hardloop, elke tree was omtrent drie meter, dat hulle hom nie kon inhardloop en vang nie, maar hy wou om die dood nie opstyg nie! Gelukkig, net voordat hy soos 'n warm mes deur botter deur 'n doringdraadheining sou gaan, het die valskerm teen die bome anderkant die heining vasge- steek en kon hulle hom losmaak. Dit was die einde van hierdie tipe "sports".

Hy het later 'n beurs by die SAUK gekry en is die volgende jaar Tukkie toe vir ingenieurswe- se-studies. In die begin van sy fina- le jaar het hy 'n meisie gesoek om saam te gaan na die Valentynsdans, en woon toe 'n "sokkie" of "platvoetjie" by die Normaalkol- lege by. Toe sou die poppe begin dans, maar o gaats, sy was nog laas in Carolina!

In graad twee het haar pa 'n be-

roep aanvaar Klerksdorp toe, en in Januarie 1968 is hy bevestig in die Monumentpark-gemeente in Pretoria. Hier het sy toe as eerstejaar koshuis- student by die Normaalkollege inge- skryf vir 'n vier jaar diplomakursus in Junior Primêr. So is die tafel gedek vir haar ontmoeting op 'n "plat- voetjie" in haar derde jaar met die finale jaar ingenieurstudent van Huis Boekenhout. Dieselfde aand vind hulle toe uit dat hulle albei drie dae gelede verjaar het, en toe hulle oor die Valentynsdans begin gesels, kom hulle agter dat hulle oupas albei op die 14de Februarie verjaar het! Was dit nou nie 'n goeie begin vir 'n ver- houding nie!

Die volgende jaar, op 16 Januarie 1971, het hulle verloof geraak en die 27ste November 1971, net na haar finale eksamen, het haar pa hulle in Waterkloof NG Kerk in die huwelik bevestig. Na hulle wittebrood in Dur- ban, het hulle in die SAUK woon- stelle in Aucklandpark, Johannes- burg, ingetrek. Gedurende sy werk by die SAUK het hulle in Vryheid gebly, weer in Johannesburg, en later Kaapstad en Meyerton. In 1979 het hy by die SAUK bedank, en vanaf 1980 bly hulle in Pretoria, en hy is tans werksaam by Denel. Schalk en Marianne Nolte het vier kinders, Ela- ni, Schalkwi, Gerhard, en dan Johan, wat hulle 25 jaar gelede op twee jaar en tien maande ouderdom aan die dood moes afstaan. Dan is daar ook ses kleinkinders, elke kind het 'n dog- tertjie en 'n seuntjie.

In 2001 het hulle by die destydse Sawa Verwoerdburg aangesluit, en het tans 83 kampe agter die rug, met dieselfde Jurgens Manjifiek wat hul- le in 1982 nuut vir R7 500 gekoop het. Hulle glo dat slegs 'n Vaderhand mens deur krisis kan help, en daarom beskou hulle dit as 'n voorreg om empatie te kan betuig aan diege- ne wat ook geliefdes verloor het. Soos Pat Mesiti sê: "A real man can express feelings. It's OK to cry, to feel and express tenderness. Tender- ness is important in a home".





## Seniors

## Seniors se eerste kamp rustig en lekker

Kiepersol se senior burgers is vroeg hierdie jaar aan die gang. Die eerste kamp het op 26 Januarie by Nkwe, net so 40km vanaf ons huis, afgeskop. Die reën van die afgelope tyd wag net totdat ons Woensdag daar intrek en die woonwa staan maak, toe sak dit in emmers uit. Ons wil so gou moontlik so in die reën die "rally" tent op kry sodat ons 'n skuiling het. Intussen kom daar nog van ons lede aan en almal word vinnig gehelp om 'n staanplekkie te kry. Die reën klaar op maar ons is almal tot op die vel papnat. Jerome se selfoon hou nie van die nattigheid nie en besluit dis tyd om te groet.

Donderdag ry die Bothas, Smiths en die Jouberts Silvertone toe om vleis te koop by Uitkykveismark en ons maak ook 'n draai by Kit Kat. Ons koop natuurlik goed omdat dit mooi is en nie omdat dit nodig is nie. Met die terugry kamp toe word daar so baie gesels dat Martiens die afrit mis. Moet toe maar by Boschkop afdraai en R8.50 tolgeld betaal. Hy besluit om die grondpad te vat Lynnwoodweg-verlenging toe, wat 'n goeie besluit was want dis 'n pragtige omgewing met mooi plase weerskante van die pad.

Die res van die naweek verloop rustig en almal kuier oor en weer. So 'n lekker stappie weg van die kamp is die swemgat en na die baie reën van die afgelope tyd kom die waterval bruisend oor die rotse tot in die swemgat. Die gras en bome is lowergroen en die terrein is baie netjies.

Saterdag na die braaiery neem ons in vier groepe deel aan ons eie "Noot vir Noot". Schalk Nolte speel die musiek en sy skoondogter Susan is skeidsregter. Ons moet maar wegbly van die TV want ons is beslis nie musiekkenners nie.


Wat is nou lekkerder na 'n paar dae se kamp in die buitelug? Dis om Sondagaand ook oor te bly en die naweek langer te rek. Nadat almal vertrek het is die kamp so ekstra stil en rustig en later in die donker, met die min ligte wat brand is die sterre ekstra helder.

Miskien moet julle ouens wat lanklaas gekamp het net 'n keer weer saamkom om te voel hoe heerlik die kampery saam met vriende is.

Groetnis

**Frank en Hettie Smith**

## jongklomp



Tienertegnologie:

## Twiet jy ook op Twitter?

In ons reeks oor tiener-tegnologie het ons in vorige artikels op hierdie blad geskryf oor *Mxit*, *Facebook* en *MySpace*.

Vandag is dit *Twitter* se beurt. Baie tieners twiet hulle hartsgeheime op hierdie netwerk. Alhoewel dit nie net tieners is wat hiervan gebruik maak nie, is dit by uitstek iets vir die jonger geslag.

*Twitter* is 'n gratis sosiale netwerk- en mikrojoernaal-diens wat gebruikers in staat stel om boodskappe, bekend as *tweets*, te versend en te lees. Dit vertel mense waaroor hulle omgee soos wat dit in die wêreld gebeur. *Tweets* is teksgebaseerde boodskappe van tot 140 karakters wat op die outeur se profiel gepubliseer word en aan die outeur se subskripsiegehoor, bekend as *followers* (volgelingen), gestuur word. Sedert dit in 2006 deur Jack Dorsey geskep is, het *Twitter* wêreldwyd beroemd en gewild geraak. Dit word soms as die "SMS van die internet" beskryf.

*Twitter* word deur Alexa se webverkeer-analise as een van die vyftig gewildste web-

werwe ter wêreld gelys. Dit is gebaseer op hul telling van ses miljoen unieke maandelikse besoekers en 55 miljoen maandelikse besoeke. *Twitter* het 'n maandelikse groei koers van 1 382 persent gehad en *Facebook* 228 persent.

Die 140-karakterbeperking wat boodskappe op *Twitter* dra is aanvanklik ingestel sodat boodskappe met SMS-kommunikasie versoenbaar sou wees. Hierdie beperking het tot gevolg gehad dat die snelskrif en internet 'sleng' wat gewoonlik in SMS'e gebruik word, ook na die web gebring is. Alhoewel die *Twitter*-diens op sigself geen kostes dra nie, betaal die gebruiker vir toegangskostes soos internet- of SMS-fooie aan sy of haar persoonlike telekommunikasiediensteverkaffer.

*Twitter* is nie net 'n sosiale netwerk nie, maar ook 'n inligtingsnetwerk. Die boodskappe word in die openbaar vrygestel, maar gebruikers kan aflewering beperk tot diegene in hul virtuele vriendekring. Twiete kan via die *Twitter*-webwerf en SMS gestuur en ontvang word.

(Jan Looek)

## Wie sê dis nie lekker om by Nkwe te kamp nie?



*Rigard ontvang nog geld vir Romanz van Hennie*



*Magdanell Botha skink tee vir Linda en Louw de Jager en Frank Smith*



*Pierre de la Harpe, Thys en Celeste Botha, en Iloma de la Harpe (voor)*



*Brekfis: Theunis, Frank, Magdanell, Betsie en Martiens, Alet, Johanna en Pieter*



*Sondag se teetafel by die afsluiting was soos altyd gewild*



*Jerome Henning besig om die kampbywoningsplaatjies te graveer*



**Skakel om 'n afspraak te maak**

**072 949 6293**

(Maandae gesluit)

**Op die hoek van Chris Hougaard en Springbokstraat, langs die pandjieswinkel, Wierdapark**

**Kom loer gerus in as jy nog nie hier was nie**

**Parkeer onder groot bome**

**Ondersteun ons eie mense**

### **ELWIERDA APTEEK**

Elwierda@mweb.co.za

Noodnommer 082 460 0162

#### **Kom maak kennis en kry:**

- Flinker diens
- Billike Pluspryse
- 'n Goeie luisteroor
- Professionele advies
- Vriendskap vir 'n leeftyd
- Oop sewe dae per week
- Noodure tot agtuur saans
- Aflewering

### **Elwierda Apteek**

Koedoestraat 184 Wierdapark

**Telefoon** 012 653 6153 012 653 6172

**Faks:** 012 653 6175

# VERJAARSDAE



*Dis vir  
Kampkrummels  
baie aangenaam  
om die mense  
wat hier langs-  
aan vermeld  
word geluk te  
wens met hulle  
verjaarsdae*

## MAART

06 Enrico Zietsman  
08 Willem de Jongh  
08 Jandré Combrinck  
14 André Groenewald  
16 Charlie King  
16 Pieter van Biljon  
18 Suné van Huyssteen  
18 Edward Whelan  
19 Dianne du Preez  
19 Guillaume Jordaan jnr  
19 Alisandri Olivier  
20 Elize Schoeman  
21 Mareli Olivier  
22 Chantal Baker  
24 Gerhard Schoeman  
25 Bernice Fourie  
30 Nicoli Lewis

## SAWA in breër verband



*SA Woonwa-Assosiasie  
Erekode*

Hiermee verbind ek myself en my gesin tot die Grondwet, asook tot die Reëls en Gedragkode van die Suid-Afrikaanse Woonwa-Assosiasie

Verder verbind ek myself tot die volgende:

- Ek sal strewende om die Christelike grondslag van SAWA te bewaar en uit te lewe;
- Ek sal SAWA dien sover ek kan en alles in my vermoë doen om ons Assosiasie uit te brei;
- Ek sal ons geliefde land se natuurskoon en sy fauna en flora beskerm en bewaar;
- Ek sal poog om alle openbare geriewe en fasiliteite tot my beskikking so te benut dat ander gaste dit sonder ongerief kan gebruik;
- Ek sal poog om in alle opsigte hoflik te wees, beleefd op te tree en bedagsaam te handel teenoor alle padgebruikers;
- Ek sal daarop let om nie deur my gedrag die eer van SAWA te skend nie, maar sal poog om die agting van almal met wie ek in aanraking kom, af te dwing.



*Lief en  
leed*

Bertus en Annatjie Voges het hulle 46ste huweliksherdenking Sondag by die saamtrek te Nkwe gevier. Henrie Ferreira het hulle geluk gewens en die lede het hulle toegesing: "Laat Heer U seën oor hul daal".



*Annatjie en Bertus Voges het hulle 46ste huweliks-herdenking by Nkwe gevier. Hier eet hulle waatlemoen.*

Dit gaan beter met die volgende mense wat ongesteld was:

Nic Fourie (was in hospitaal)  
Thys Botha (operasie gehad)  
Frieda Burger (operasie gehad)  
Willy Lubbinge se ma (herstel na beroerte)

## Volgende kamp: Maroela

18-20 Februarie. Roete: GPS S24°51'07.14 E28°20'39.23. Ry deur Bela Bela (Warmbad) noord (R101). Regoor afdraai na ATKV Klein Kariba, draai regs. Die uitdraaipad na Maroela is ± 1 km verder regs. Ry oor die spoorlyn, draai links en dan regs teen die bult uit (woema nodig). Kampgeld: R190

Laat weet jou voog voor die tyd of julle kom kamp. Kampgeld kan vooraf betaal word by  
ABSA Centurion 600 810 499 (meld naam en oordnaam)

## Selfoonnommers en e-posadresse asb

*Magriet Baker (sekretaresse) versoek vriendelik dat elke lid (man en vrou) hul nuutste selfoonnommers en e-posadresse aan haar sal stuur. Dit kan ge-SMS word na 083 409 3719 of 'n e-pos kan gestuur word aan margaretb@joburg.org.za  
Laat weet ook as daar lief of leed in die familie is, ons vermeld dit graag.*

# Nkwe was besonder mooi vanjaar



Martie en Stef Maritz drink tee by oom Gert en tannie Anna Rall.



Johanna en Pieter (gebiedsvorsitter) saam met Rigard, Fransie en Danie



Willy en Lenie Lubbinge, Susan en Seef Delpont en Stef Maritz ontspan



Schalk Nolte besig met musiekspel terwyl Hennie saamjol



“Kinders moet nie in die water mors nie...”



Betsie se broodjies in blikkies



Fanie Venter en nuwe lid Jake Erasmus braai vleis



Swaardra vir Martiens en Stef terwyl Schalk stoot



Theunis Botha en Gert Rall



Wimpel



Alet besig met die kategese-klas Sondag voor kerk

Al die foto's in hierdie blad is geneem deur Johann Lemmer



Tweespoorpadjie na die boskamp